

10 Desember - VRYGEKOOPTES

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:17-25
Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:18 en 19

As dit nie was vir God se genade deur Jesus Christus nie, sou ons as gevolg van ons sonde 'n sinlose bestaan gevoer het.

Ons sou ook soos baie ander aan die einde van ons lewe moes sê: "Dit was alles tevergeefs en 'n gejaag na wind." Ons sou soos die res van die wêreld verlore moes gaan as slawe van die sonde. Ons sou elke dag hier op aarde sonder hoop en sonder God moes lewe.

Ons lees egter in 1 Petrus 1:19 dat ons losgekoop is uit ons sinlose bestaan. Slawe is in daardie tyd normaalweg met verganklike middele soos goud of silwer losgekoop sodat hulle vry kon wees. Daarteenoor is God se uitverkorenes losgekoop met die éinigste middel wat hulle vir ewig kan vrymaak, naamlik die kosbare bloed van Christus.

Sy bloed is so kosbaar omdat Hy die eniggeborene Seun van God is – self ware en ewige God en mens wat sonder sonde was. Daarom kon Hy alleen vir die sonde betaal.

Ons wat deur die kragtige werk van die Heilige Gees in Hom glo, is nou vir ewig God se eiendom. Daarom moet ons ons nie meer deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees.

Dit beteken dat ons anders as die wêreld moet optree. Ons moet eerbied vir God hê in 'n wêreld wat geen eerbied vir Hom het nie. Ons moet mekaar liefhê in 'n wêreld waar mense meestal net hulleself en die wêreld liefhet.

Wanneer u só optree, gaan u dalk dikwels moedeloos word en soos 'n vreemdeling in u eie omgewing voel. Dink dan weer aan die Here se besondere liefde vir u en dat Hy u van ewigheid af in sy verlossingsplan ingesluit het.

Leef dan sinvol as verlose deur die bloed van Jesus Christus.

Sing: Skrifberyming 8 (5-3):2

Ds JB duPlessis (Grootfontein/Tsumeb)